Curriebeker Week 6

Pumas vs WP

Die manne van die Kaap sal beter moet speel in die reeks, want met die vertoning wat hulle teen die Pumas gelewer het, sal hulle nie die groot honde kan skrik maak nie. Hulle wen die saai wedstryd 24-13, maar 'n hoogtepunt was die spel van Johan Sadie op senter.

Hierdie mannetjie is kookwater en sal geen Springbokspan in die steek laat nie…'n baie waardevolle kopie vir die Bulle gewees vir aanstaande jaar!

Luiperds vs Blou Bulle

Die Bulle moes 'n kwaai aanslag afweer om die wedstryd te wen met 28-20. Die Luiperds het nooit gaan lê nie en het getoon dat hulle met elke wedstryd verbeter. Die Bulle wou graag 'n bonuspunt verdien maar het net soos die Sharks verlede naweek, dit toe nie reggekry nie… die Luiperds is nie meer die melkkoei van ouds nie ou maat!

Griekwas vs Cheetahs

aaa... daar val toe nog 'n grote in die groot gat! Die Vrystaters het hulle vasgeloop in 'n omgekrapte klomp Diamantvelders. Riaan Viljoen was die doring in die vlees van die Vrystaters. Hy het 'n skitterende wedstryd gespeel en is ook welverdiend as die man van die wedstryd aangewys. Die manne van Kimberley wen hierdie riller 23-20.

Lions vs Sharks

Die Jo'Burgers onder leiding van die gewese All Black breier, John Mitchell, wys nou rêrig tande en het lekker gesmul aan haai ala cart! Die Leeus het in 'n gedugte eenheid ontwikkel en gaan moeilik van die Beker af weggehou word. Elton Jantjies het geskitter vir die Leeus en die jong losskakel teken 23 van die span se punte aan! Sy algemene spel was uit die boeke en toon baie meer volwassenheid en kalmte... 'n klein generaal in wording. Die Leeus wen hierdie wedstryd gemaklik met 28-19 en is steeds die voorlopers op die punteleër. Die Haaie sal baie beter moet speel en lyk op hierdie stadium nie soos Curriebeker Kampioene nie. ***Nag ou grote…***

Drienasies Finaal:

Wallabies vs All Blacks

Vir die eerste keer in tien jaar is die Australiërs weer die Drienasie Kampioene toe hulle die All Blacks klop in seker een van die beste wedstryde ooit met 25-20. Die Aussies loop met lemoentyd reeds 20-3 voor en die 'n hele paar bekommerde Kiwi's het in die tonnel verdwyn... waar die befoeterde afrigter Graham Henry hulle ingewag het.

Vir die eerste 25 minute van die tweede helfte was daar net een span op die veld... die manne in swart. Daar was selfs in een stadium deur ses en twintig fases beweeg toe Conrad Smith gaan druk het.

Cooper was op die dag se spel beter as Carter en die nuwe Wallaby kaptein James Horwill het van voor af gelei. Hierdie toets wedstryd het 'n mens amper laat dink aan die Super 15 finaal tussen die Reds en die Crusaders waar die agterlyn van die Australiërs die pap behoorlik dik aangemaak het, en dit boonop sonder die ster speler James O'Connor. 'n Skitterende drie deur Kurtley Beale het ook getoon hoe gevaarlik die Aussies agterlangs is.

Skielik is daar vrae deur die Nieu-Seelandse rugbyliefhebbers, waar die All Blacks twee weke onoorwinlik gelyk het, is dit nou 'n perd van 'n ander kleur. Die oorwinning van die Aussies het definitief 'n hele paar kaarte deurmekaar gekrap en die Bokke is nou heeltemal die buiteperd wat natuurlik baie in SA se guns tel.

Ontsettende groot druk is nou op die Kiwi's om te presteer voor hulle tuisskare. Op hierdie stadium lyk die Aussies onder Robbie Deans se ongelooflike goeie afrigting na 'n groot bedreiging… pasop vir die Wallabies… hulle is besig om te wals…

CRICKET CLUB

GOLF DAY

Mahikeng – The Mahikeng Cricket Club is hosting a golf day on Saturday 3 September 2011 and golfers are invited to enjoy a day filled with golf fans, good company and great sport!

The Friday 26 August 2011 competition was won by Frans Conradie with 22 points followed by H Vermeulen (19) and Johan Jonck (19). On the other hand, the Saturday 27 August 2011 competition was won by Melvin Mbao with 38 points with runners up Johan Muller (38) and Ian Driescher with (37). Well done guys!

Furthermore, the launch of a series of golf days to be held at Leopard Park by the HVDM Group – attorneys, administrators and debt councillors – was successfully held last week with a great turnout of golfers participating. The day was won by Christo Lombard and Leon Bevan with 47 points, followed by Bennet Masilo and M Monageng (44) and Wally Plotz and J Coetzee (43).

Some great golf days are coming up, including the Big Ox golf day on 10 September and the Mafikeng Rugby Club golf day on 17 September. See you there!

Jump into Spring!

Make every second count!

Rustenburg – Spring is upon us... let's jump into spring, spring into life and ignite the eternal summer which exists in all of us!

AFF Ground School is taking place on Saturday 3rd September – Book your place NOW! Also, for Sports SkyDivers and First Time Jumpers listen up!

In celebration of SPRING, and to say thanks for the support at The Ranch Boogie.... this weekend Saturday 3rd and Sunday 4th September, we will be offering SkyDive Rustenburg Members and those that supported The Ranch SkyDiving Boogie a SPRING SPECIAL! For every fourth jump, you will receive a half price jump ticket (must be used on the same day).

First Time Jumpers will get a R100 discount on a Tandem Introductory SkyDive this Saturday 3rd and Sunday 4th September BUT bookings are essential. O, and mention the special or you won't get it!!!

SkyDive Rustenburg
CAA / ARO / 0004
47 km from Sun City: 100 km from Pretoria: 120 km from Johannesburg
GPS: S 25°38'39.04" E 27°16'1.94"
www.SkyDiveRustenburg.co.za
www.AngelSkyDive.co.za
079 345 7058